

KONING JESUS FOKUS OP ... DIE RED VAN MENSE

1 KOM TOT RUS

1.1 Waarmee is die Here in wese in ons wêreld besig?

1.2 Kom ons kom tot rus by ons Here:

Jesaja 52:1-7

¹Word wakker, word wakker, ruk jou reg, Sion. Trek mooi kleres aan, Jerusalem, heilige stad! Mense wat nie besny is nie en mense wat onrein is, sal nie meer in jou kom nie. ²Skud die stof van jou af en staan op, Jerusalem, jy wat 'n gevangene is. Maak los die toue om jou nek, Sion, jy wat 'n gevangene is. ³So sê die Here: Ek het julle verkoop, maar nie vir geld nie; julle sal losgekoop word, maar nie deur geld nie. ⁴So sê die Here my God: In die begin het my volk afgegaan na Egipte toe en daar gewoon as vreemdelinge; later het Assirië hulle verdruk. ⁵En wat kry Ek nou hier in Babel? vra die Here. My volk is sonder rede weggevoer, hulle leiers huil, sê die Here. My Naam word gedurig belaster. ⁶Daardie dag sal my volk my Naam bely: dat Ek die Here is, dat dit Ek is wat sê: Hier is Ek! ⁷Hoe wonderlik klink op die berge die voetstaptes van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig, wat vir Sion sê: "Jou God is Koning!"

2 KOM ONS HOOR

2.1 Luister na Here

2.1.1 Lees Matteus 18:1-20

2.2 Luister na mekaar ... en na ander

2.2.1 Wat spreek jou aan? Waaroor het jy vrae? Wat laat jou opgewonde voel? En onseker?

2.2.2 In Matteus 18:1-4 praat wys Jesus oor die vraag: *Waar pas die dissipels in as Jesus die Koning is?*

- Wat het Jesus oor Homself gesê ... net voor hierdie gesprek? (17:24-27)
- Hoe sluit die dissipels se vraag by Jesus se uitspraak aan ... en waaroor is hulle dus bekommerd? (18:1)
- Wat **doen** Jesus presies wanneer Hy hulle vraag wil beantwoord? (18:2)
- Wat kenmerk 'n **kind** in die Joodse samelewing ... sy nederigheid ... of sy *ek-moet-luister-wanneer-ek-geroep-word*, sy onvolwasse wees?
- Hoe verskil Jesus se *in die koninkryk van die hemel* **kom** van die dissipels se *Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemel?*
- Wat sê Jesus dus oor wat die dissipels se fokus en houding moet wees wanneer hulle oor hul lewe in die Koninkryk nadink? (18:3)
- Hoekom maak *jouself gering ag* jou die belangrikste in die koninkryk van die hemel? (18:4)

2.2.3 In Matteus 18:5-11 wys Jesus oor wat jou sorg dat jy **naby aan Koning Jesus is**:

- Wat het volgens vers 5 prioriteit in Jesus se Koninkryk?
- Hoe beskryf in vers 6 die mense op wie die dissipels moet fokus?

- Wat is volgens vers 7 die werklikheid van ons lewe saam met Jesus?
- Watter waarskuwing rig Jesus dus aan die dissipels? (18:6-7)
- Wat word bedoel met die *van My afvallig maak* in verse 8-9 binne die konteks van Matteus 18:6-10?
- Hoe verskil Jesus se bedoeling hier dus van sy gebruik van hierdie woorde binne die konteks van Matteus 5:29-30? (18:8-10)
- Waaroor waarsku Jesus sy dissipels in vers 10?
- Hoe sou die woorde van vers 11 by die geheel van verse 1-10 aansluit?

2.2.4 In Matteus 18:12-14 verduidelik Jesus prakties wat Hy tot dusver gesê het:

- Wat is die kerningesteldheid wat by enige herder na vore kom? (18:12)
- Wat is die reaksie van 'n herder wanneer hy 'n verlore skaap vind? (18:13)
- Hoe beskryf Jesus die wil van sy Vader hier ... met ander woorde God se kernfokus in sy werk in en deur Jesus? (18:14)

2.2.5 In Matteus 18:15-17 vertel Jesus **hoe belangrik dit is om mense op te soek**:

- Hoe sou die dissipels – binne die konteks van hulle vraag *Wie is die belangrikste?* waarskynlik reageer het op iemand wat teen hulle sondig?
- Hoe moet die dissipels reageer as iemand teen hulle sondig? (18:15)
- Hoekom word juis 'n tweede persoon bygetrek wanneer die persoon wat gesondig het, nie wil luister nie? (18:16)
- Hoekom word die saak aan die hele vergadering voorgelê wanneer die persoon steeds nie tot inkeer kom nie? (18:17)
- Hoe moet sodanige persoon uiteindelik behandel word ... en wat sê dit oor die hantering van die persoon daarna? (18:17)
- Wat behoort dus die kernfokus van die dissipels te wees ... hul posisie in die Koninkryk ... of hul verantwoordelikheid om sondaars te red?

2.2.6 In Matteus 18:18-20 bevestig Jesus dat die dissipels **die bevoegdheid het om mense op te soek**:

- Wat beteken hierdie woorde van Jesus – wat Hy nou herhaal nadat Hy dit reeds in Matteus 16 vir die dissipels gesê het? (18:18)
- Hoe verduidelik Jesus die dissipels se funksionering as fondament van Sy kerk met die woorde van vers 19?
- Waarvan kan die dissipels seker wees? (18:20)

2.3 **Luister weer na Here**

2.3.1 Lees weer Matteus 18.

2.3.2 Wat tref jou nou?

3 **KOM ONS LEEF ...**

3.1 Jesus is Goeie Nuus: *Koning Jesus wil dat mense wat verlore is, gered word.*

3.2 Wat is my ingesteldheid teenoor ander mense se redding?

3.3 Hoe kan ons mekaar help om meer mense te help om Christus te vind?